U3A Stilbaai Nuusbrief: nr 3, Augustus 2015

Algemene Vergaderings (AG)

Ons sê Baie Dankie aan Julie Wilson vir haar interessante praatjie oor die invloedryke Barry familie verlede maand

Nuwe datums:

Ons bly van nou af by ons nuwe tydgleuf van die laaste Maandag van elke maand.

Ons volgende AG sal dan plaasvind op **Maandag, 31 Augustus 2015 om 09h30.**

Ons spreker vir Augustus

Willem Botha, Voorsitter van die Gourits Groep Biosfeer Reservaat gaan praat oor die unieke gebied waar ons woon en wat die onlangse Unesco erkenning gaan beteken vir die streek. Die Gourits Rivier vorm die westelike grens van die gebied en die oostelike grens is oos van Uniondale. Stilbaai is die enigste mariene kerngebied in hierdie biosfeer. Die Gourits Groep Biosfeer Reservaat is ook die eerste een in Afrika wat so erken is.

Ons gaan weer U3A Stilbaai lidmaatskapsfooie (van R 30 pp lid per jaar) insamel vanaf 9h00 voor die AG om 9h30 begin.

Ander sprekers en onderwerpe vir AGs later hierdie jaar is:·

- September: " Die wetenskap agter hoë vet/lae koolhidraat vs eet alles in matigheid diëte": Stefan Pretorius
- Oktober: "Boedel beplanning en wat moet in ag geneem word soos ons ouer word": Arthur Clarke/Stefan Pretorius
- "Latest info on Climate Change": Prof Mike Lucas van UK
- "A Sub Antartic trip to Bouvier Island": Wendy Wilson
- "Die wetenskap agter die LCHF en LFHC dieet opsies – besluit self": Stefan Pretorius.

(Die meerderheid van praatjies sal in beide Afrikaans en Engels wees.)

Kursusse.

Onderwerp	Kontak Persoon	e-pos
"Natuurwetenskap" #	Stefan Pretorius	stefan877@mweb.co.za
"Religion and Power"	Janet Stonier	jet33@telkomsa.net
"Botanical Art Drawings and watercolours"	Julie Wilson	wilson.julie222@gmal.com
"Creative Writing" (4 sessions)	Carol Malan	carol.malan@vodamail.co.za
"Hulp met rekenaars, tablette en slimfone"*	Stefan Pretorius	stefan877@mweb.co.za

Vertraging omdat ek eers 'n operasie moet ondergaan

*Nie kursusse nie maar een-tot-een hulp tuis.

<u>Voorgestelde</u> Kursusse

"Leunstoel Reise" (Armchair Travel), "Kookkuns demonstrasies" , "Geskiedenis", "Voëlkyk", "Botanie/blomme", "Opera/musiek/kore", "Fotografie", "Stap/hike", Klasieke films op DVD", "Dokumentêre films" op DVD of Blu Ray", "Fotografie"

(Ons soek Kontak persone en Kursusleiers hier op enige onderwerp wat van belang mag wees vir lede. Kursusleiers hoef nie elke maand te praat nie en kan reel dat ander bydra.)